SAGES JAKARANDA

# OKTOBER 2026 NUUSBRIEF

| | |
|---|---|
| VOORSITTER: | NEELS DU TOIT |
| ONDER VOORSITTER: | THEO HENDRIKS |
| SEKRETARIS: | DOLF VAN TONDER |
| TESOURIER: | DOLF VAN TONDER |
| ADDISIONELE LEDE: | SUSAN BADENHORST |
| | LEON DE BRUYN |

**Volgende spel: 10 November by Pecanwood CC**

## OKTOBER - GHOLF TUSSEN DIE JAKARANDAS.

Daar is min dinge so besonders soos 'n heerlike dag op die gholfbaan wanneer die son vriendelik skyn, die weer saamwerk en die Jakarandabome in volle blomprag staan. Dit was teen die agtergrond waartydens ons SAGES-lede by Cullinan bymekaargekom het.
Die blou lug, aangename speelomstandighede en die pers prag het gesorg vir 'n besondere atmosfeer en ons weer laat besef hoe bevoorreg ons is om hierdie wonderlike sport saam met vriende te kan geniet.
Cullinan het ons weereens 'n dag gegee om met 'n glimlag aan terug te dink!

### IPS Uitslae:

1 e: Las Du Plessis met 44 punte
2 e: Giel Vermeulen met 41 punte
3 e: Rita Hochfellner met 40 punte
4 e: Fernando Camacho met 38 punte (C/O)

### Naaste aan die pen:

Gat 6: Melrise Ungerer
Gat 8: Lodewyk de Wet
Gat 15: Willie Kidson
Gat 17: Las du Plessis

### "Two Clubs"

Gat 8: Nico Odendaal en Lodewyk de Wet
Gat 11: Las du Plessis
Gat 17: Gawie Opperman

- Baie geluk aan Las du Plessis met sy arend op gat 11.
- Roy Camacho en Nico Opperman het as gaste saam gespeel.

## OKTOBER VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| Fernando Camacho | 2 e |
| Leon de Bruyn | 5 e |
| Johan Cilliers | 12 e |
| Neels du Toit | 12 e |
| Chris Beets | 15 e |
| Hein Piater | 15 e |
| Stephan Strydom | 17e |
| Johanna Prozesky | 23 e |
| Rob Staegemann | 23 e |
| André Dreyer | 25 e |
| Marius Harmse | 25 e |
| Willie Kidson | 31 e |

Baie geluk !!

Volg Jakaranda facebook blad: SAGES Jakaranda Senior Golf/Gholf

SAGES JAKARANDA

# CULLINAN: 13 OKTOBER 2026

- **Wenner van ons “Lucky Draw” - Jan Terry - vir die tweede keer!**













**SAGES Nasionaal facebook blad:**
**facebook.com/sagesseniorgolfers**

# SAGESJAKARANDA

## CULLINAN: 13 OKTOBER 2026













SAGES JAKARANDA

# PROGRAM VIR DIE RES VAN 2026:



- 10 Nov: Pecanwood
- 8 Des: Bronkhorstspruit - Jaarafsluiting spel



# LIEF EN LEED:

- Baie geluk aan Oupa Neels du Toit met hul eerste kleindogter. Glo sy gaan jul baie plesier besorg Neels.
- Dolf van Tonder het heeltemal herstel. Saam met jou dankbaar Dolf.
- Franscios Booyse sukkel met nierstene. Sterkte Francios.
- Marius Harmse is nog op die krukkelys, maar dit gaan heelwat beter.
- Baie sterkte ook aan almal van jul wat verkies om nie jul Lief & Leed met almal te deel nie.

# LEER KEN MEKAAR: OOM ALEX DANEEL



Oom Alex is gebore op 13 Mei 1939 in die Oos Rand. Sy vader was in die goudmyn en later in die Koolmyn bedryf en Oom Alex het in Witbank skool gegaan. Hy het sy vakmanskap op Koedoespoort gedoen waarna hy sy NTC3 sertifikaat gekry het. Hy het sy vrou Elize ontmoet, wat aan Normaal Kollege Pretoria studeer het, en hulle is in 1961 getroud. Hul het 4 kinders (3 dogters en n seun asook 8 klein kinders en 4 agter klein kinders) Hy het by Komati kragstasie begin werk en daarna in Newcastle. Hy was konstruksie bestuurder by Grootvlei, Hendrina en Kriel en vandaar na hoofkantoor in Braamfontein. Hy het ook in Libië op die seewater ontsoutings aanleg gewerk. Oom Alex is sedert 1997 lid van Sages maar het eers in 2007 gereeld begin gholf speel. Sy laagste voorgee was 'n 8 en hy het in "hole in one" by Sun City gekry (wat nie erken was nie omdat dit nog in die eertydse Bophuthatswana geleë was) Sy naam is daarna aangebring op die bord by Cullinan nadat Dale Hayes sy prestasie erken het. Oom Alex is steeds 'n voorbeeld vir ons almal - wat 'n ongelooflike "gentleman" en 'n voorreg om Oom in ons geledere te hê!

# KLEREDRAG:

**Mans:**

- 'n Hemelsblou Sages gholfhemp met 'n donkerblou lang- of kortbroek.
- Sages gholf pet/hoed en Sages "windbreaker /Pull over" indien nodig.
- SAGES-naamplaatjie.

**Dames:**

- 'n Hemelsblou Sages gholfhemp met 'n donkerblou/grys romp, langbroek of kortbroek.
- 'n Donkerblou Sages pet en Sages "windbreaker/Pull-over" indien nodig.
- Sages naamplaatjie.



SAGES Jakaranda se nuwe Custom Apparel hemde

Vir klere bestellings:

- Vir die nuwe CA hemde kontak vir Susan.
- Alle ander klere en naam plaatjies, kontak vir Neels.

SAGES JAKARANDA

# "FRIENDS IN UNITY" GHOLF DAG

**Die Friends in Unity-gholfdag is op 29 September 2026 by die Dienste - gholfklub aangebied met die hoofdoel om die vriendskapsbande tussen Klub 41 (die gasheer groep), SAGES Jakaranda en die Ou Bulle te versterk.**

**Altesaam 40 spelers is in vier kleurspanne verdeel, naamlik:**
**Groen – Bokke** **Geel – Jakkalse** **Blou – Donkies** **Rooi – Wolwe**

**Elke vierbal het uit een speler van elk van die vier kleurspanne bestaan. Die vier balle het terselfdertyd aan 'n Four-Ball Alliance-kompetisie deelgeneem (twee beste tellings per putjie) Daar was ook 'n naaste-aan-die-pen-kompetisie waar al vier spelers in die span pryse ontvang het.**

## Uitslae van die kleurspanne kompetisie:

**Die Groen span (Bokke) het met 'n indrukwekkende totaal van 296 punte as wenners uit die stryd getree. Die Groen Span het bestaan uit:**
***Heinrich Louw, Lenard Warriker, Nico Nel, Johan van Huyssteen, Alex Daneel, Tersia Basson, Rob Oosthuizen, Hannes van den Heever, Div Bosman & Pivot***

## Four-Ball Alliance-uitslae:

***1 e: Bokkie de Kock, Garth Maree, Hannes van den Heever, Gawie Opperman.***
***2 e: Johan Koekemoer, Albie Maree, Johan van Huyssteen, Francois Kruger.***
***3 e: Walter Gilfillan, Leon de Bruyn, Rita Hochfellner, Pivot.***

## Naaste-aan-die-pen-wenners

***Gat 6: Joel Delport, Chris Beets, Buks Buys, Lenard Warriker.***
***Gat 8: Walter Gilfillan, Leon de Bruyn, Rita Hochfellner, Pivot.***
***Gat 11: Garth Maree, Bokkie de Kock, Hannes van den Heever, Gawie Opperman.***
***Gat 15: Hannes van den Heever, Bokkie de Kock, Garth Maree, Gawie Opperman.***

## Individuele Punte stelsel (IPS)

**Die berekening van die IPS-uitslae is bemoeilik deur 'n weerlig onderbreking en sommige spelers het spel gestaak. Walter Gilfillan, Kobus Olivier en Tersia Basson het besondere inisiatief aan die dag gelê deur self berekeninge te maak en sodoende die beste van 'n moeilike situasie te probeer maak.**

## Volgens Score Capture (SC) was die IPS-uitslae soos volg:

***1 e: Rob Oosthuizen – 36 punte (c/o)***
***2 e: Hannes van den Heever – 36 punte (c/o)***
***3 e: Buks Buys – 36 punte (c/o)***
***4 e: Kobus Olivier – 34 punte***
***5 e: Spotty de Waal – 34 punte (c/o)***

**'n Opregte woord van dank gaan aan al die organiseerders wat hierdie besondere dag moontlik gemaak het - veral aan Graham Cooke.**

*Dankie aan Johan Koekemoer wat al die besonderhede asook die foto's deurgegee het vir die nuusbrief.*

SAGESJAKARANDA

# "FRIENDS IN UNITY" - DIENSTE













# SAGESJAKARANDA

## "FRIENDS IN UNITY" - DIENSTE











*Groete tot volgende maand!*